



NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE STADSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 15 JUNIE 2022 OM 10:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdl J M de Beer

Lede van die Burgemeesterskomitee:

Rdl D G Bess
Rdl N Smit
Rdh T van Essen
Rdl A K Warnick

Ander raadslede:

Rdh M A Rangasamy (Speaker)

Beampes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Die voorsitter verwelkom lede en open die vergadering.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Geen verskonings is ontvang nie.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen.

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 19 MEI 2022

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdh T van Essen)

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 19 Mei 2022 goedgekeur en deur die Uitvoerende Burgemeester onderteken word.

5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS UIT DIE NOTULE

5.1 NOTULES VAN PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERINGS GEHOU OP 8 JUNIE 2022

5.1.1 **MUNISIPALE BESTUURDER, ADMINISTRASIE EN FINANSIES**

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.2 **SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE**

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.3 **ONTWIKKELINGSDIENSTE**

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.4 **BESKERMINGSDIENSTE**

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

6. **SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES**

Geen.

7. **NUWE SAKE**

7.1 **VOORLEGGING VAN DIE 2022/2023 DIENSLEWERING- EN BEGROTINGIMPLEMENTERINGSPLAN (SDBIP) (2/1/4/4/1)**

Artikel 53 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA), bepaal dat die Munisipaliteit se SDBIP deur die Uitvoerende Burgemeester goedgekeur moet word binne 28 dae na goedkeuring van die jaarlikse begroting in Mei (dit is voor of op 25 Junie 2022). Die konsep SDBIP is reeds op 9 Junie 2022 aan die Uitvoerende Burgemeester voorsien ter voldoening aan artikel 69 van die MFMA.

Die SDBIP dien as hulpmiddel vir die bestuur van die Munisipaliteit om diensleweringsteikens en spandering op kapitaalprojekte binne die vasgestelde tydsraamwerke te behaal.

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die aangehegte 2022/2023 Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) goedgekeur word.

7.2 **VOORLEGGING VAN 2022/2023 PRESTASIE-OOREENKOMSTE EN –PLANNE (2/4/2)**

Artikel 57 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000, bepaal dat die prestasie-ooreenkomste van die munisipale bestuurder en persone wat regstreeks aan die munisipale bestuurder verantwoordbaar is binne een maand na die begin van die finansiële jaar aangegaan moet word.

7.2/...

Die prestasie-ooreenkomste van die Munisipale Bestuurder en die Direkteur: Ontwikkelingsdienste (as voorbeeld van dié van die direkteure) is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesecondeer deur rdl N Smit)

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder en direkteure se prestasie-ooreenkomste en -planne vir die 2022/2023 finansiële jaar.

7.3 KWARTAALVERSLAG OOR DIE PRESTASIE VAN KONTRAKTEURS (8/1/B/1)

Daar word op 'n maandelikse basis tydens die prestasiemetingssessies met die Munisipale Bestuurder verslag gedoen aangaande die prestasie van diensverskaffers wat deur middel van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid op tender aangestel is.

Die betrokke verslag is met die sakelys gesirkuleer ter voldoening aan artikel 116(2) van die MFMA en is daar geen probleme ondervind met kontrakteurs wat gerapporteer moet word nie.

BESLUIT

(op voorstel rdl A K Warnick, gesecondeer deur rdl J M de Beer)

Dat kennis geneem word van die Kwartaalverslag insake die Prestasie van Kontrakteurs vir die periode 1 Januarie 2022 tot 30 April 2022.

7.4 VERHURING VAN HANDELSPASIES TE RIEBEEK KASTEEL EN RIEBEEK-WES (12/1/3/1-1/1)

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger, behandel die verslag en noem dat die Munisipaliteit, in vennootskap met PPC Riebeek, beplan om entrepreneursnodes in Riebeek Kasteel en Riebeek-Wes te vestig.

Daar sal voorsiening gemaak word vir die bedryf van klein besighede uit vier (4) doelgemaakte skeepvraghouers wat deur PPC Riebeek voorsien sal word.

Die verslag het ten doel om die voorgestelde kriteria vir die toekenning en bedryf van die handelspasies voor te lê vir oorweging en goedkeuring.

BESLUIT

(op voorstel van rdl D G Bess, gesecondeer deur rdl N Smit)

- (a) Dat die aangehegte kriteria en aansoekproses goedgekeur word vir die identifisering van huurders vir die beskikbare handelspasies soos volg;
 - erwe 1539, 1540 en 1541, Riebeek Kasteel;
 - erf 2183, Riebeek-Wes; en
 - vir die informele areas te erwe 161, 163 en 649, Riebeek-Wes
- (b) Dat die Direkteure van Korporatiewe Dienste en Ontwikkelingsdienste, tesame met amptenare van hul keuse, beopdrag word om voornemende huurders te evalueer en huurooreenkomste met die suksesvolle aansoekers aan te gaan, vir 'n periode van twee jaar en onderworpe aan 'n maandelikse huur van R100.00, BTW uitgesluit;
- (c) Dat die Direkteur: Korporatiewe Dienste gemagtig word om die terme en voorwaardes van die genoemde huurooreenkomste te bepaal, in samewerking met die Direkteur: Ontwikkelingsdienste;
- (d) Dat daar op bestuursvlak oorweging geskenk daaraan dat die dienste-aansluitings (water, elektrisiteit) uit die Munisipaliteit se bedryfsbegroting gesubsidieer sal word al dan nie.

7.5 TENDER L06.21.22: VERHURING VAN ERF 11228, MALMESBURY (12/2/4-8/4)

Erf 11228 (voorheen bekend as kampe 5, 6 en 7) is in die verlede as landbougrond verhuur by wyse van 'n meerjarige (3- jaar) tender. Die huurooreenkoms het op 1 Maart 2019 'n aanvang geneem en op 28 Februarie 2022 verstryk.

Gegewe die moontlikheid dat die eiendom in die afsienbare toekoms vir ander doeleindes aangebied mag word, is daar besluit om die huurtermyn te verkort na slegs een (1) jaar.

'n Tenderproses is deurloop en geen aanbiedinge is ontvang nie. Daar is gevolglik weer op tender uitgegaan vir die verhuring van die betrokke grond vanaf 1 Julie 2022 tot 30 June 2023 en een huuraanbieding is ontvang.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

- (a) Dat Tender L06.21.22 vir die huur van erf 11228, gedeelte van erf 327, Malmesbury (groot 139,7603 hektaar) met ingang vanaf 1 Julie 2022 vir 'n periode van een jaar tot 30 Junie 2023 aan die Walters Broers Vennootskap toegeken word, ten bedrae van R80 000,00 per jaar, plus BTW;
- (b) Dat goedkeuring verleen word dat die Direkteur: Korporatiewe Dienste die huurooreenkoms, met betrekking waartoe die verhuurder reeds as deel van sy tendervoorlegging die terme en voorwaardes aanvaar het, mag onderteken namens die Munisipaliteit.

7.6 MUNISIPALE BEPLANNINGSDOKUMENT VIR VOORLOPIGE DIENSTE EN MENSLIKE NEDERSETTINGSKWESSIES INGEVOLGE DIE RAAD SE NEDERSETTINGSPLAN (17/4/2/B)

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger, behandel die voorgestelde behuisingspyplyn en beklemtoon dat dit dien as 'n beplanningdokument om grootmaatsdienste in plek te kry vir behuisingsprojekte. Dit is dus nie 'n gegewe dat befondsing vanaf die Departement van Menslike Nedersettings ontvang sal word nie, maar ten minste sal die Munisipaliteit gereed wees in terme van grootmaatsdienste om projekte te implementeer.

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste beklemtoon dat projekte op die behuisingspyplyn aangepas sal word soos wat befondsing realiseer en om binne die begroting te bly. Me Krieger noem dat dit nie moontlik is om die aantal topstrukture te bepaal nie, aangesien laasgenoemde bepaal word deur die vasgestelde kriteria wat moontlik oor een/twee jaar mag verander.

Na 'n bespreking versoek die voorsitter dat die korrekte inligting aan die gemeenskap deurgegee moet word en dat inwoners aangemoedig moet word om die geheelbeeld van behuisingontwikkeling in die Swartland munisipale gebied te sien, byvoorbeeld dat aangesien daar laas in 2004 huise op Moorreesburg gebou is, laasgenoemde geormerk word vir die volgende behuisingprojek.

BESLUIT

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl N Smit)

- (a) Dat die aangepaste munisipale beplanningdokument soos voorgelê, deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee aanvaar word;
- (b) Dat die voorgestelde projekte 'n beplanningdokument is en onderworpe is aan die beskikbaarheid van fondse, geskikte grond en grootmaatsdienste binne die onderskeie dorpe en indien voldoende fondse nie beskikbaar is nie, projekte moontlik aangeskuif kan word na die volgende finansiële jare;
- (c) Dat die Raad ook kennis neem dat die topstrukture (395) van fase 1 van die Malmesbury De Hoop Behuisingsprojek einde Februarie 2023 voltooi sal word, en dat daar aansoek gedoen is by die Departement van Menslike Nedersettings vir die installering van siviele dienste ten opsigte van Fase 2 (230 erwe).

7.7 INLIGTING- EN KOMMUNIKASIE TEGNOLOGIE: GOEDKEURING VAN HERSIENDE EN OPGEDATEERDE BELEIDE (6/2/3/1/B)

Die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit, gee agtergrond tot die ontwikkeling van die beleide, onder andere, op versoek van die eksterne ouditeure en die pro-forma Korporatiewe Bestuursbeleid insake Inligting- en Kommunikasie Tegnologie soos voorsien deur Provinsie.

Die betrokke beleide is hersien en opdateer op grond van sekuriteitsmaatreëls soos aanbeveel deur die konsultant, nuutste ontwikkelinge op die gebied en POPIA-vereistes.

BESLUIT

(op voorsel van rdl J M de Beer, gesekondeer deur rdl D G Bess)

- (a) Dat die volgende hersiende en opgedateerde beleide insake Inligting- en Kommunikasie Tegnologie goedgekeur word vir implementering:
- Inligtingstegnologie Strategie;
 - Inligtingsekuriteitsbeleid: Eindgebruikers
 - Inligtingsekuriteitsbeleid: Tegnies
 - *FireWall*-stelselsbeleid
 - Korporatiewe Bestuursbeleid insake Inligting- en Kommunikasie Tegnologie;
- (b) Dat die goedgekeurde Inligtingsekuriteitsbeleid: Eindgebruikers aan alle munisipale rekenaargebruikers voorsien word met die versoek dat elkeen die aanvaarding en nakoming van die beleid skriftelik bevestig.

7.8 DERDE WYSIGING VAN DIE 2021/2022 MIG-PROJEKIMPLEMENTERINGSPLAN (5/9/2/6/1)

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann, noem dat enige wysigings aan die MIG-projekimplementeringsplan deur die Raad goedgekeur moet word.

Die wysigings behels 'n herallokering van fondse tussen die MIG-geregisteerde projekte vir die suksesvolle uitvoering daarvan.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdh T van Essen)

- (a) Dat kennis geneem word van die derde wysiging van die 2021/2022 MIG-Projekimplementeringsplan (DPIP);
- (b) Dat, ten einde die MIG-projekte suksesvol te implementeer 'n herallokering van fondse tussen die geregistreerde MIG-projekte gedoen moet word, en dat die 2021/2022 MIG-projekimplementeringsplan dienooreenkomstig gewysig word;
- (c) Dat die volgende projekte en begrotings vir die derde gewysigde MIG-projekimplementeringsplan vir die 2021/2022 finansiële jaar goedgekeur word:

Nr	Projek	Begroting
1	<i>De Hoop Development: Upgrade Bulk Water Supply (WC1865/W/21/25)</i>	R 350 000.00
2	<i>Upgrade Moorreesburg WWTW (WC1710S/17/122)</i>	R 15 849 816.00
3	<i>Darling Upgrading of Waste Water Treatment Works & Dewatering Facility (WC1780/S/19/22)</i>	R 3 027 658.00
4	<i>Moorreesburg: Rehabilitation of Roads (WC1768/R.ST/19/23)</i>	R 1 043 515.10
5	<i>Riebeek Kasteel: Rehabilitation of Roads (WC1767/R.ST/19/23)</i>	R 704 000.00
6	<i>Koringberg: Rehabilitation of Roads (WC1766/R.ST/19/23)</i>	R 129 750.87
7	<i>Malmesbury: Rehabilitation of Roads (WC1765/R.ST/19/23)</i>	R 3 996 260.03
8	<i>Malmesbury: Ilingeletu Construction of Roads (WC1859/R.ST/22/25)</i>	R 1 200 000.00
Total		R 26 301 000.00

7.8/...

- (d) Dat die gewysigde MIG-projekimplementeringsplan aan die Departement van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake beskikbaar gestel word.

7.9 AANSOEK VIR DIE OPRIGTING VAN 'N MONUMENT: DARLING BEGRAAFPLAAS (16/6/B)

[Rdl A K Warnick verlaat die lokaal vir die bespreking van die item weens 'n familieband met die aansoeker.]

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann, lê die aansoek voor vir die oprigting van 'n monument by die Darling Begraafplaas.

Die aansoeker, me I Johnson, beskryf in kort die geskiedenis van die gebruik van "Ons Lykshuisie" by die Darling Begraafplaas en noem die belangrikheid om hierdie geskiedenis as erfenis vir die nageslag te bewaar deur die oprigting van 'n monument.

Die aansoek word deur die Departement: Siviele Ingenieursdienste ondersteun, onderhewig aan die voorwaardes soos hieronder genoem.

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesecondeer deur rdh T van Essen)

- (a) Dat kennis geneem word van die versoek ontvang vanaf Mev Ivy Johnson, 'n seniorburger van Darling om toestemming om 'n monument by die Darling Begraafplaas op te rig om historiese begrafnispraktyke te herdenk;
- (b) Dat verder kennis geneem word dat die inisiatief nie enige bydrae vanaf die Munisipaliteit vereis nie;
- (c) Dat die inisiatief ondersteun word en goedkeuring verleen word om 'n monument op te rig, op voorwaarde dat –
- Die Munisipaliteit die ontwerp ontwikkel;
 - Bouplanne voorgelê word vir oorweging en goedkeuring alvorens konstruksie 'n aanvang neem;
 - Die Munisipaliteit toesig oor die projek hou.

7.10 SWARTLAND MUNISIPALITEIT: 2022 HERSIENDE BELEID INSAKE BESIGHEIDKONTINUÏTEIT EN RAMPHERSTELPLAN (17/5/1/1)

Die doel van die Besigheidkontinuiteit- en Rampherstelplan is om die Munisipaliteit voor te berei op uitgebreide diensonderbrekings en om dienslewering so spoedig moontlik te herstel.

Die Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys, noem dat die beleid bygewerk is met die nuutste kontakbesonderhede van betrokke personeel en die nuwe munisipale geboue wat onlangs bygekom het.

BESLUIT

(op voorstel van rdl J M de Beer, gesecondeer deur rdl A K Warnick)

- (a) Dat kennis geneem word van die wysigings soos aangebring aan die Beleid insake Besigheidkontinuiteit- en Rampherstelplan;
- (b) Dat die hersiene 2022 Swartland Besigheidkontinuiteit- en Rampherstelplan goedgekeur word.

7.11 UITSTAANDE DEBITEURE: MEI 2022 (5/7/1/1)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer. Die Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M Bolton, bevestig die betaalsyfer van 104,99% vir Meimaand. Mnr Bolton noem dat die uitstaande skulde as 'n daaglikse prioriteit in terme van die bestuur van die Munisipaliteit se risiko's beskou word, maar nie onbestuurbaar is nie.

7.11/...

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir Mei 2022.

7.12 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

'n Bespreking volg aangaande die beskerming van die Raad se bates en noem die Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M Bolton dat, weens die hoë bedryfskoste, dit nie moontlik is om sekuriteitswagte oral aan te stel nie. Daar moet dus 'n balans gevind word tussen die bedryfskoste en die impak op tariewe, met ander woorde in hoe 'n mate moet die belastingbetaler belas word om bates te beskerm.

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdh T van Essen)

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 31 Mei 2022 soos met die sakelys gesirkuleer.

7.13 AFSKRYF VAN BATES TEN DOEL OM DIT VAN DIE BATEREGISTER TE VERWYDER MET BETREKKING TOT VERSEKERINGSEISE TOT 31 MEI 2022 (6/1/4)

Die instandhouding van die Bateregister word ingevolge Artikel 63 van die Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur (Wet 56 van 2003) vereis. 'n Lys van bates wat afgeskryf kan word en gevolglik van die Bateregister verwyder moet word, is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

Dat goedkeuring verleen word vir die afskryf van bates ter waarde van R20 982.05 (soos aangeheg) en dat die betrokke bates dienooreenkomstig vanaf die bateregister verwyder word.

7.14 STAND VAN AFSKRYF VAN VERLORE EN Vernietigende BATES SOOS OP 30 JUNIE 2022 TEN DOEL OM DIT VAN DIE BATEREGISTER TE VERWYDER (6/1/4)

Die jaarlikse bateopname van alle onroerende bates het plaasgevind tussen Februarie en Mei 2022. 'n Totaal van 8170 bates is nagegaan en slegs 15 items (0.018%) kon nie teen 1 Junie 2022 opgespoor word nie.

Hierdie klein persentasie van verlore en vernietigde bates is 'n belangrike aanduiding dat die nodige prosesse en kontroles in plek is om die bates van die Raad voldoende te beskerm.

BESLUIT

Dat goedkeuring verleen word vir die afskryf van bates wat verlore geraak en/of vernietig is ter waarde van R8 370.18 (soos aangeheg) en dat die betrokke bates dienooreenkomstig vanaf die bateregister verwyder word ten einde lg. op datum te bring teen 30 Junie 2022.

7.15 AFSKRYF VAN GESTEELDE ELEKTRIESE KABELS BY DIE MUNISIPALE STORE: 2021/2022 PAKHUIS 1 (6/1/4)

Die diefstal van elektriese kables het op twee geleenthede by die Munisipale store plaasgevind, onderskeidelik op 23 Augustus 2021 en 4 Oktober 2021. Die diefstal is aan die SAPD en Bate- en Vlootafdelings gerapporteer. Die eise ten bedrae van R25 096.54 en R33 373.06 onderskeidelik is nie aanvaar nie, aangesien die eisbedrae minder is as die bybetaling.

7.15/...

BESLUIT

Dat die gesteele elektriese kables ten bedrae van R58 469.60 (BTW uitgesluit) in die 2021/2022 finansiële jaar afgeskryf word.

7.16 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES:VERVANG VERKEERSLIGBEHEERDER, MALMESBURY: H/V VOORTREKKER- EN LANGSTRAATKRUISING (8/1/B/2)

Die beheerder van die verkeersein by die Voortrekker- en Langstraatkruising in Malmesbury is foutief en aktiveer die rooi seine in alle rigtings wat verkeersvloei nadelig beïnvloed en opeenhopings tot gevolg het.

Die beheerder kan nie herstel word nie, aangesien sommige komponente weens die ouderdom van die apparaat, nie meer beskikbaar is nie.

BESLUIT

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat verder kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om nie tenders uit te nooi nie, maar wel die kwotasie van *EJL Works (Pty) Ltd* te aanvaar ten bedrae van R115 579.03 (BTW ingesluit) vir die vervanging, installering, opkoppeling en programmering van die beheerder om die foutiewe verkeersein te herstel;
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
 - (i) Dit was onprakties om die amptelike verkrygingsprosesse te volg aangesien die oorsaak van die periodieke onderbreking van die verkeersein deur die spesialisdiensverskaffer vasgestel moes word vir spoedige herstel daarvan in die lig van die verkeersopeenhoping.
 - (ii) Die spoedige aanstelling van die spesialisdiensverskaffer was die enigste praktiese opsie om die vervanging van die beheerder en die herstel van die foutiewe verkeersein in die kortste moontlike tydperk te fasiliteer, met in ag neming van die afleweringstydperk van 'n nuwe beheerder;
 - (iii) Die koste vir die vervanging, installering, opkoppeling en programmering van die beheerder word as billik en redelik beskou;
- (d) Dat die uitgawe ten bedrae van R115 579.03 (BTW ingesluit) teen posnommer: 9/117-453-53 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;
- (e) Dat die Bestuurder: Finansiële State in terme van die Voorsiening-kanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.17 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: AANKOOP VAN DATAPROJEKTOR (8/1/B/2)

Die dataprojektor in die Stadsaal is verouderd en buite werking en kan nie herstel word nie. Die lokaal word op 'n gereelde basis vir raadsvergadering, openbare vergaderings en funksies gebruik wat gereeld van die toerusting gebruik maak.

BESLUIT

(op voorstel van rdl J M de Beer, gesekondeer deur rdh T van Essen)

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b)/...

7.17/...

- (b) Dat verder kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om nie tenders uit te nooi nie, maar wel die kwotasie van *Presentation Solutions (Pty) Ltd* te aanvaar ten bedrae van R28 957.00 (BTW uitgesluit) vir die vervanging, installering, opkoppeling en programmering van die beheerder om die foutiewe verkeersein te herstel;
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
 - (i) As gevolg van gereelde Raads-, Komitee- en openbare vergaderings asook funksies wat in die saal gehou word wat 'n dataprojekter benodig vir dokumentasie en aanbiedings wat in elektroniese formaat beskikbaar is, was dit onprakties om die amptelike verkrygingsprosesse te volg om vinnige verkryging van 'n nuwe projektor te fasiliteer;
- (d) Dat die uitgawe ten bedrae van R28 957.00 (BTW uitgesluit) teen posnommer: 9/118-39-731 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;
- (e) Dat die Bestuurder: Finansiële State in terme van die Voorsiening-kanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.18 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: BORGSKAP: SARPA NASIONALE KONFERENSIE, 26 EN 27 MEI 2022 2 (8/1/B/2)

Die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit, bedank die Raad wat die inisiatief ondersteun het dat Swartland Munisipaliteit as gasheer kon optree tydens die SARPA Nasionale Konferensie op 26 en 27 Mei 2022.

Daar het tussen 80 en 90 verteenwoordigers die konferensie bygewoon wat vir die Munisipaliteit groot waarde gebied het ten opsigte van blootstelling regoor Suid-Afrika en ook internasionaal.

Die voorsitter bevestig dat die Munisipaliteit baie pluimpies ontvang het, onder andere, ten opsigte van die skoonheid van die dorpe.

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat verder kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om nie tenders uit te nooi nie, maar om die betaling aan SARPA ten bedrae van R150 000.00 (BTW uitgesluit) goed te keur;
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
 - (i) Die huidige President van SARPA is in diens van Swartland Munisipaliteit en daarom is die munisipaliteit verplig om die jaarlikse konferensie van SARPA aan te bied;
 - (ii) Ingevolge 'n besluit van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee, item 7.11 van 23 Januarie 2019, is 'n redelike bedrag begroot vir die aanbieding van die konferensie;
 - (iii) SARPA is die enigste verskaffer en dit was nie prakties om tenders uit te nooi nie;
 - (iv) In die lig van die bywoning van nasionale en internasionale afgevaardigdes en die toegevoegde waarde ter ondersteuning van toerisme, publisiteit en bevordering van die Munisipaliteit, verteenwoordig die munisipale bydrae 'n redelike en waardevolle belegging;

7.18(c)/...

- (v) Die Munisipaliteit het verder baat gevind deurdat finansiële- en wetstoepassingsamptenare die geleentheid gebied is om die konferensie by te woon en om kennis en insigte te verkry soos aangebied deur kundige aanbieders (o.a. deur die Hoofondersoekers van die NVG, Regsafdeling van die SAPD, die Direkteur van die Koperdiefstalafdeling van Stad Kaapstad en die Verenigde Koninkryk se *Revenue Protection Association*);
- (d) Dat die uitgawe ten bedrae van R150 000.00 (BTW uitgesluit) teen posnommer: 9/253-1022-2408 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;
- (e) Dat die Bestuurder: Finansiële State in terme van die Voorsiening-kanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.19 **AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: AANKOOP VAN UPS MET LITHIUM BATTERYE (8/1/B/2)**

Die motor van die aansitter van die kragopwekker wat as rugsteunkrag vir die IKT Rampherstel Rekenaarstelsel tydens lasbeheer dien, het onklaar geraak en kan nie herstel word nie.

Dit is noodsaaklik om onderbroke krag beskikbaar te hê om die sensitiewe rekenaarstelsel te bedien en lithium batterye blyk die beste opsie te wees.

BESLUIT

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdh T van Essen)

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;
- (b) Dat verder kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om nie tenders uit te nooi nie, maar wel die kwotasie van *Technology Strategy Corp* te aanvaar ten bedrae van R70 949.00 (BTW uitgesluit) om 'n ononderbroke kragtoevoer te voorsien;
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
 - (i) Die toerusting is op 'n dringende basis benodig ten einde ononderbroke kragtoevoer te voorsien gedurende lasbeheer aan die IKT Rampherstel Rekenaarstelsel om die kritiese IKT infrastruktuur te beskerm;
 - (ii) Indien daar nie kragtoevoer na die IKT Rampherstel Rekenaarstelsel beskikbaar is nie word die integriteit van die IKT stelsels bedreig wat as 'n noodsituasie beskou word;
- (d) Dat die uitgawe ten bedrae van R70 949.00 (BTW uitgesluit) teen posnommer: 9/118-503-346 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;
- (e) Dat die Bestuurder: Finansiële State in terme van die Voorsiening-kanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.20 **AFWYKING VAN DIE VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: DRINGENDE HERSTEL VAN VULLISVERWYDERINGSVRAGMOTOR, CK 32551 (8/1/B/2)**

Die kompakteerder van die vullisverwyderingsvragmotor, CK 32551, wat in Moorreesburg gebruik word vir vaste afvaldienste het onklaar geraak.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;

7.20/...

- (b) Dat verder kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om die kwotasie van *Transtec* te aanvaar ten bedrae van R75 377.08 (BTW uitgesluit) vir die herstel van die vullisverwyderingsvragmotor, CK 32551;
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
 - (i) Die vragmotor sal vir 'n lang tydperk buite werking gelaat word;
 - (ii) Dit sal lei tot 'n mislukking in die kapasiteit van die vaste afvalverwyderingsdienste en risiko's vir openbare gesondheid;
 - (iii) Die herstelwerk aan die vragmotor word dus as 'n noodgeval hanteer;
- (d) Dat die uitgawe ten bedrae van R75 377.08 (BTW uitgesluit) teen posnommer: 9/241-1253-709 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;
- (e) Dat die Bestuurder: Finansiële State in terme van die Voorsiening-kanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.21 DARLING VELDBLOMVERENIGING: GEBUIK VAN MUNISIPALE GROND VIR JAARLIKSE VELDBLOMSKOU (12/2/R)

'n Aansoek is ontvang vanaf die Darling Veldblomvereniging vir die gebruik van die munisipale eiendom geleë langs die Darling Museum vir die aanbieding van hul jaarlikse veldblomskou wat vanjaar vanaf 16-18 September 2022 gehou sal word.

Die veldblomskou was tot voor die pandemie 'n bekende toerisme-atraksie wat baie voete en koopkrag na Darling gebring het.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesecondeer deur rdl N Smit)

- (a) Dat goedkeuring verleen word vir die gebruik van Erf 171, Darling vir die jaarlikse veldblomskou vanaf 16 tot 18 September 2022, met dien verstande dat 'n publieke deelnameproses deurloop word om die eienaars van eiendomme in die omgewing van die geleentheid en die detail daarvan in kennis te stel;
- (b) Dat toestemming insgelyks verleen word vir die gebruik van Erf 175 vir gemelde doel, met die instemming van die Darling Museum;
- (c) Dat kennis geneem word dat alle aspekte rakende verkeersbestuur, veiligheid, oprigting van die tent, ensovoorts in terme van die Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Geleenthede soos afgekondig in Buitengewone Provinsiale Koerant 7611 van 26 April 2016, hanteer sal word.

7.22 MANDAATVERGADERING: HOOF KOLLEKTIEWE OOREENKOMS EN LOONKURWE ONDERHANDELINGE (4/2/3)

Die doel van die vergadering was om 'n mandaat van munisipaliteite te verkry oor moontlike wysigings aan die Plaaslike Regering Bedingingsraad (SALGBC) se Hoof Kollektiewe Ooreenkoms. SALGA het 'n mandaat voor die plaaslike regeringsverkiesings verkry, maar wil graag hê dat die nuwe leierskap die voorgestelde wysigings moet oorweeg soos goedgekeur deur die vorige leierskap en enige bykomende wysigings wat aan die Hoof Kollektiewe Ooreenkoms aangebring moet word.

Die aangehegte Bylae A verduidelik die detail van die voorgestelde wysigings asook kommentaar van Swartland Munisipaliteit op die voorstelle.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesecondeer deur rdl N Smit)

Dat kennis geneem word van die mandaat wat aan SALGA verskaf is rakende die wysigings aan die Hoof Kollektiewe Ooreenkoms asook vir die Loonkurwe-onderhandelinge.

7.23 NOTULES VAN DIE MUNISIPALE PRESTASIE EN RISIKO OUDITKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 22 FEBRUARIE 2022 (5/15/1/3)

Die Prestasie en Risiko Ouditkomitee dien as 'n onafhanklike adviserende liggaam wat deur die Raad aangewys word om sy funksies in terme van Artikel 166 van die Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur (Wet 56 van 2003) te vervul.

Die notule 'n vergadering van die Munisipale Prestasie en Risiko Ouditkomitee gehou op 22 Februarie 2022 is met die sakelys gesirkuleer en bevat geen aanbevelings aan die Raad vir verdere oorweging nie.

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

Dat kennis geneem word van die notule van die Munisipale Prestasie en Risiko Ouditkomitee se vergadering van 22 Februarie 2022.

7.24 AFSKRYWING VAN ONINBARE EN ANDER SKULD: JUNIE 2022 (5/7/3)

Staan oor – 'n Spesiale Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering sal gehou word op Woensdag, 22 Junie 2022 om die item te bespreek.

7.25 TERUGVOERING OOR DIE WERKSAAMHEDE VAN DIE SWARTLAND GEMEENSKAPVEILIGHEIDSFORUM

Daar word 'n geïntegreerde benadering in die Swartland munisipale area gevolg om veiligheid in die area te bevorder. Vir hierdie doel is die Swartland Gemeenskapveiligheidsforum gestig om skakeling en samewerking van alle rolspelers te verkry.

Die verslag het ten doel om die Uitvoerende Burgemeesterskomitee in te lig aangaande die werksaamhede van die Swartland Gemeenskapveiligheidsforum om misdaad te verminder, veiligheid te bevorder en sosiale euwels teen te werk deur 'n geïntegreerde benadering en samevoeging van alle hulpbronne.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

- (a) Dat kennis geneem word van die inhoud van die verslag en die pogings deur die Swartland Gemeenskapveiligheidsforum om verhoudinge te bou met alle rolspelers bemoeid met veiligheid om misdaad in die Swartland munisipale gebied teen te werk;
- (b) Dat verder kennis geneem word dat die Swartland Gemeenskapveiligheidsforum op 'n kwartaallikse basis byeen sal kom.

**(GET) J H CLEOPHAS
UITVOERENDE BURGEMEESTER**